26 Augustus 2021

NUUSBRIEF 8/2021

Geagte Ouers

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike sake:

1. VERANDERING AAN SKOOL BEGIN- EN VERDAAGTYE

Tydens ons laaste Beheerliggaamsvergadering is besluit dat die skooltye vanaf Maandag, 30 Augustus 2021, soos volg aangepas sal word:

- Graad R: 07:15 – 12:30
- Graad 1 – 3: 07:15 – 13:00
- Graad 4 – 7: 07:15 – 13:30

2. DAG VAN HOOP

Laerskool Thabazimbi neem Vrydag, 27 Augustus 2021 deel aan die "Dag van Hoop"-inisiatief. Leerders mag gewone klere aantrek met geel as die tema. Moet asseblief nie nuwe klere gaan koop nie! Iets klein soos 'n geel lint in die hare is heeltemal voldoende. 'n Skenking van R5 sal waardeer word en gaan ten bate van Tambotie Versorgingsoord.

3. BEGROTING 2022

Die skool se begroting vir 2022 word op Dinsdag, 28 September 2021 om 17:30 in die skoolsaal aan u as ouers voorgehou. Hou asseblief hierdie datum oop in u beplanning aangesien dit een van die belangrikste vergaderings op die skoolkalender is.

4. HERREGISTRASIE

Voltooi en onderteken asseblief die dokumente wat reeds aan u gestuur is en neem kennis dat die sluitingsdatum Vrydag, 3 September 2021 is.

5. BELANGRIKE DATUMS

o 27 Augustus 2021:	Interskole Gholf te Thabazimb Gholfklub vs Krugerpark, Eugene N Marais en Bosveld
o 31 Augustus 2021:	Krieket: Eerstespan vs Warmbad (tuis) 0/11 vs Warmbad (weg)
o 1 September 2021:	Lentedagviering (Gewone klere vir alle leerders) Lentedagsokkie (Graad 7-leerders)
o 3 September 2021:	Herregistrasies vir 2022 sluit
o 16 – 19 September 2021:	Revue video-opnames saam met Joshua na die Reën
o 20 – 23 September 2021:	Allegretto Kunstefees
o 28 September 2021:	Ouervergadering: Begroting 2022
o 30 September 2021:	Trollope Brothers Gholfdag te Parkview (Fondsinsamelingsprojek in samewerking met Trollope Brothers en Hoërskool Frikkie Meyer)

Baie dankie vir elkeen se volgehoue ondersteuning en samewerking.

Vriendelike groete

_____

Mnr J L M Venter
HOOF